

AUDREY & DANIËL VERMEULEN

Vriende van Jan Kriel

# Nuusbrief

Junie 2025

# DANIËL VIND SY PLEKKIE

***"Daniël was altyd baie braaf en het sy beste gegee, maar ons het nie altyd besef wat dit hom gekos het nie. Sy punte was goed en ons kon vir hom die nodige assesserings akkommodasies in plek sit, maar die sosiale omgewing was vir hom baie moeilik. Hy het sy uitdagings en 'anders wees' as foute ervaar en gevoel hy is stout omdat hy nie kan stilsit, vir die juffrou kyk en luister soos die ander leerders nie. Sy kreatiwiteit en 'buite die boks' idees en geaardheid was ook nie altyd mooi verstaan nie."***

Audrey Vermeulen is sedert 2018 'n arbeidsterapeut by Jan Krielskool. Haar oudste, Daniël, was toe 6 jaar oud. In Graad R het Daniël se juffrou opgemerk dat, alhoewel hy baie kreatief is, hy meestal glad nie die instruksies uitvoer soos sy dit deurgee nie. In Graad 1 bars hy eendag in trane uit. "*Mamma, ek is stout in die skool. Ek luister nie mooi as juffrou praat nie.*" By navraag besef Audrey dat Daniël sukkel om te konsentreer en dan na sy eie wêreld van dagdroom ontsnap. As 7-jarige is hy met ADHD gediagnoseer. Vanuit haar beroep het Audrey geweet dat Daniël hulp nodig het. Hy het Arbeids-, Spraak- en Fisioterapie ontvang terwyl Dr. Adri van der Walt, ŉ pediatriese neuroloog, medikasie voorgeskryf het en ŉ pad met hom begin stap het. Sy het gevind dat Daniël op die outisme spektrum is (ASD) en later dat hy met ŉ leergestremdheid saamleef. Skoolgaan het ŉ bietjie beter geword.

In Graad 2 het sy bodem letterlik uitgeval. Emosioneel kon hy glad nie meer die druk hanteer nie en fisies kon hy nie meer sy hoofstroomskool bywoon nie. ŉ Privaat-skool en tuisonderrig tydens Covid het gehelp. In Graad 4 het sy gesin Kuilsrivier toe getrek en hier het hy vir ŉ kort tydjie ŉ plaaslike laerskool met goeie leerder-ondersteuning bygewoon. Wanneer ek met hom oor my werk by Jan Kriel gesels het, het hy baie gesê; "**That sounds like my people**". Soos hy ouer geword het kon ons met hom gesels oor hoe sy brein anders werk en hoekom sekere goed vir hom moeilik is, maar ook hoe ander goed weer vir hom baie makliker is as vir ander. Ek kon vir hom verduidelik hoe ons by Jan Kriel leerders help om hulle uitdagings met lees en skryf te oorbrug en het, in samewerking met sy ondersteuningspan, die aansoekproses vir Jan Krielskool begin. En van toe af blom my kind!

Hy het weer self-vertroue gekry in sy vermoëns en neem eienaarskap van sy werk. Die verandering op sosiale en emosionele vlak is vir my die heel beste. Hy ervaar nie meer daaglikse angs en stres nie, wat hom toelaat om tot sy volle potensiaal te groei en te ontwikkel. In die Intermediêre Fase het hy baie vaardighede aangeleer om selfstandig te kan werk. Die manier waarop werk aangebied word en die ondersteuning wat hy in die klas gekry het, het hom gehelp om sy sterkpunte te gebruik om te leer en nie net sy uitdagings te oorbrug nie. Die feit dat personeel en medeleerders hom verstaan en aanvaar help hom om homself ten volle te kan uitleef in alle aspekte van skool. Die aanbieding van assesserings akkommodasies is ook 'n baie positiewe faktor en baie goed georganiseer.

***"Ons leerders (en Daniël) inspireer my, want hulle gee nie op nie. Hulle bly glo en bly vertrou en bly hul beste gee. Ek leer so baie by hulle elke dag en dit is vir my 'n baie groot voorreg om die geleentheid te hê om die wêreld deur hulle oë te kan sien. En as jy sien watter drake en reuse hulle daagliks oorwin, kan jy nie anders as om hulle lief te hê en te bewonder nie."***

-Audrey Vermeulen, Arbeidsterapeut en mamma

DANIËL EN SY KLASMAATS AANGETREK VIR WÊRELD BOEKEDAG 2025





***Die matriekafskeid was 'n ware fees van styl, glimlagte en onvergeetlike oomblikke. Ons matrikulante het hul mooiste mooi gewys, en die aand is gevul met trots, vreugde en spesiale herinneringe.***

***Hoekom hou Jan Krielskool so vroeg in die jaar hul matriekafskeid?*** *Leerders by Jan Kriel leef met verskeie leerhindernisse wat eksamens en toetsreekse baie meer tydsaam en stresvol maak. Jan Kriel se matriekleerlinge skryf dieselfde Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen as leerders in hoofstroom skole. Daarom hou hulle vroeg makietie, sodat hul van hier af op die akademie kan fokus.* ***Alle sterkte aan 2025 se Matrieks!***



Lees nog nuus aanlyn www.jankriel.com

# KRIELIES PRESTEER







## Athletics

In March our athletes represented Jan Kriel at the Western Cape Athletics Championships. After incredible performances, 9 athletes earned their Western Province badges. Furthermore, in April, at the SA High School LSEN Athletics Championships in Bloemfontein, 8 athletes returned with 6 gold, 1 silver and 1 bronze medals and a new SA record for girls u/19 4x100m relay.







## Tug of War

With an increase of 60 new learners to the sport, Jan Kriel was able to send 6 teams to WP/ Winelands Tournament in March, where the 600kg A-team earned their Western Province badges. After competing in the Western Cape Championships, 20 leaners travelled to Mosselbay to take part in the SA Junior Tug-of-War Championships, returning with 4 medals. Three teachers also got their referee caps this season.

**WELL DONE to all athletes and THANK YOU to our staff. Your hard work and dedication paid-off!**

# New arrival!





Emihle Mtshotshisa, Grade 11 learner, tests the wheelchair lift with Elmarie Gentle, Rev André van Wyk & Gerrit Odendaal (headmaster).



Jan Kriel School is in a very privileged position to have 16 busses transporting more than 200 learners between their homes and the school every day. Together these busses travel over 30 000km's per month! With the safety of our learners in mind, the Jan Kriel Institute endeavours to swop the oldest of these busses with a new bus every year. A new Iveco bus, certified to carry 12 seated passengers and 2 wheelchair passengers and furnished with a wheelchair lift, was delivered to the school early in May. **Thank you to our donors for making this possible!**

## DID YOU KNOW?

During the June examination, 2133 papers in the High School and 422 papers in the Primary School will be transcribed for Jan Kriel learners.

Each of these question papers require a scribe and a single learner to be accommodated in a separate room for the duration of every exam paper: **2555 times in the 4-week examination period.**

**Well done Jan Kriel!**



**BAIE GELUK!**



***"Ek is dankbaar vir die aandeel wat Jan Kriel gehad het om hierdie doelwitte van my te bereik. Ek sien uit daarna om die pad te stap wat God vir my lewe uitgelê het."*** -Braam

Braam Arangie, en sy tweeling broer Alewyn, het hul hele skoolloopbaan (Graad R in 2007 tot Matriek in 2020) by Jan Krielskool voltooi. In 2021 begin Braam 'n BA-Graad in Teologie by Hugenote Kollege in Wellington en op 14 Maart 2025 neem hy hierdie graad in ontvangs! Braam wil voortgaan met sy Teologiese studies met ŉ Nagraadse Diploma gevolg deur 'n Meestersgraad. Sover ons weet is hy die eerste teoloog wat by Jan Kriel matrikuleer het!


















FOOD LOVER'S MARKET

# Food Jam @JanKriel 2025

**Thank you to our amazing donors who supported FoodJam@JanKriel 2025!**

Celebrity chefs *Martelize Brink*, *Nic van Wyk*, *Mynhardt Joubert*, *Marinda Engelbrecht*, *Elmarie Berry* and *Nate & Adele Smith* shared unique tips and tricks and also some delightful stories. Thank you for donating your time and expertise and allowing us to share your recipes!

**FOOD LOVER'S MARKET** once again donated all the ingredients allowing our guests to experience their very own 'masterclass' and culinary extravaganza. And good wine makes good food even better! **Thank you** to all our sponsors. View photos and download the electronic recipe booklet online via **www.foodjam.co.za.**




Absa Bank 3010141566
Kuilsrivier Tak 632005
SWIFT CODE: ABSA ZAJJ
NPO 301696 PBO 930081236

Jan Kriel Instituut
Posbus 650, Kuilsrivier, 7579
www.jankriel.org.za (021) 903 0434
info@jankriel.co.za